

SAGES



SAGEV

INLIGTING VIR PASIËNTE WAT 'n ENDOSKOPIESE RETROGRADE CHOLANGIO PANKREATIKOGRAM (ERCP) ONDERGAAN

Inleiding

Jou geneesheer het 'n ERCP-onderzoek van jou galweë en pankreas aanbeveel sodat hy enige siekte-proses wat teenwoordig is sal kan evalueer. Dit sal hom help om jou simptome te begryp en te behandel. Hierdie is 'n standaard prosedure wat gebruik word in die diagnose en hantering van siektes van die pankreas, galblaas en galbuis. Dit is 'n soortgelyke ondersoek as die algemene gastroskopiese in die sin dat dit 'n prosedure is wat deur die mond uitgevoer word, om die galbuis en die pankreas te ondersoek. Bowendien word hierdie prosedure gebruik om terapeutiese ingrepe uit te voer soos verwydering van gemeenskaplike galbuisstene. X-Strale word geneem ten tye van die prosedure en u moet u geneesheer in kennis stel indien daar 'n moontlikheid van swangerskap bestaan.

Voorbereiding vir die ondersoek benodig dat u 'n leë maag het; dit beteken dat u nie vloeistowwe of vaste kosse mag inneem per mond vir 'n paar uur voor die ondersoek nie (gewoonlik oornag). Vaste kosse behoort meer as 6 ure voor die prosedure laas ingeneem word en vloeistowwe 4 ure voor die prosedure.

Indikasies

- Evaluasie van die pasiënt met geelsug wat moontlik te wyte kan wees aan galbuis obstruksie.
- Evaluasie van ander siektes van die galweë.
- Evaluasie van pasiënte met verdagte pankreas gewasse, herhalende pankreatitis of pankreas kiestes.
- Evaluasie van galbuis of pankreatiese buise na beserings.
- Om die anatomie van galbuis en pankreasbuis te demonstreer voor beplande operasies.

Prosedure

Die geneesheer en/of suster, sal die prosedure aan u verduidelik. Omrede baie pasiënte senuweeagtig is, word bewuste sedasie toegedien (sien "Bewuste sedasie : Wat jy behoort te ken"). Daar word gewoonlik 'n klein dosis Dormicum of soortgelyke sedemiddel binne-aars toegedien. Indien u vantevore nuwe-effekte gehad het teenoor enige geneesmiddel, moet u geneesheer daarvan weet. 'n Lokale verdowende sproei word in die keel gespruit om passing van die instrument deur die keel in die slukderm te vergemaklik.

Dit sal nodig wees om 'n kunsgebit, bril, juwele en kontaklense te verwyder voor die ondersoek.

Die prosedure word op 'n x-straal tafel uitgevoer. Die keel sal met die lokale verdowing gespruit word. 'n Mondstuk sal tussen die tande geplaas word en die instrument word deur u mond in die slukderm ingeplaas. Die endoskoop sal nie u asemhaling belemmer nie en sal nie pyn veroorsaak nie. Die hele prosedure duur 30 tot 60 minute.

Na die prosedure mag u steeds 'n dooie gevoel in die keel waarneem. U behoort nie te eet of drink vir ongeveer 'n uur na die ondersoek nie en u sal nie 'n voertuig kan bestuur nie, weens die effek van die sedasie op u refleksie en oordeelvermoëns.

Risiko's en moontlike komplikasies

Hierdie is oor die algemeen 'n veilige prosedure maar komplikasies mag voorkom, soos

- Pankreatitis (ontsteking van die pankreas – dit kom voor in 0,7 tot 9 % van prosedures afhangend van wat uitgevoer was tydens die ondersoek).
- Infeksies van galbuis (0,65 tot 0,8 %).
- Perforasies en bloedings (skaars).

Hierdie komplikasies mag ernstig genoeg wees om nood behandeling te benodig, hospitalisasie of selfs 'n operasie.

ERCP Behandeling

Indien die x-strale toon dat stene of ander obstruksie in die galbuis teenwoordig is, kan die opening van die galbuis vergroot word dmv oopsny met 'n elektriese draad, die stene kan verwyder word of die obstruksie verlig word deur die inplaas van 'n plastiese buis (stent) deur die vernoude area, om galvloei te herstel na die dunderm toe.

Vrae en probleme na die prosedure

Kontak jou geneesheer wat die ondersoek uitgevoer het om jou verwysende geneesheer, of in geval van nood, gaan na die naaste 24 H Noodgevalle vir bystand.